

# Boekbesprekings/Book Reviews

Jonathan Crush, Alan Jeeves, David Yudelman: *South Africa's Labour Empire. A History of Black Migrancy to the Gold Mines*. David Philip, Kaapstad, 1991. xvi voorwoord, 228, Statistiek Bylae, Bibliografie, indeks. R56.95 (sagteband). ISBN 086486 330 8

Oor die onderwerp van Swart trekarbeid na die Suid-Afrikaanse goudmyne, is reeds baie geskryf. Kritiek is in die sewentiger- en vroeë tagtigerjare vanuit alle neo-marxistiese kant geopper teen die ontoereikende liberale verklaring van die werking van die stelsel, in plaas van 'n klasse-analise van trekarbeid en die goudmynbedryf ingeheel. (Vgl. Rob Davies: *Capital, State and White Labour in South Africa, 1900-1960* en S. Greenberg: *Race and State in Capitalist Development*.)

Wat hierdie studie nou vars en verfrissend maak is die feit dat die Swart mynwerker in sy verskeidenheid, sentraal in die studie staan. Die studie is vry van vooropgestelde ideologies geïnspireerde verklaringstrukture wat op die feitestel afgedwing word. Die verskynsel van Swart trekarbeid word in hoofstuk een in konteks geplaas. Daarmee word bedoel dat die skrywers die rol van Swart arbeid as produksie-inset in die mynbedryf ondersoek word, maar daar word terselfdertyd gewys op die ekonomiese bate wat hul lone vir die lande of streke van herkoms was. Dit omlin die strategiese belangrikheid van die goudmynbedryf in Suid-Afrika, maar ook in ekonomiese van omliggende state (pp. 2-3): "The migrants were not rushing blindly to self-destruction like lemmings but were in most cases making a rational decision in a situation of unattractive alternatives." Die skrywers verklaar: "Modern South Africa cannot be fully understood without first understanding the dynamics of the migrant labor system that bestrides the subcontinent." (p. 4). Die skrywers ontleed sistematies vanaf hoofstuk twee hoe Swart arbeid in die goudmyne opgeneem is. Die program van werwing uit buurstate word breedvoerig bespreek, veral uit noordelik geleë buurstate, bv. Zambië en Tanzanië, veral tot 1948. Die mynwerkerstaking van 1946 word direk gekoppel aan die bedryf via die Kamer van Mynwese se statiese loonstruktuur. Dis deels gekoppel aan die groot kapitaaluitleg om werwing in noordelike state vaartbelyn te maak. Die vertroue op die suksesvolle werwing van arbeid uit die noordelike state het bygedra tot die ontoegeeflike houding van die mynbestuur ten opsigte van die staking.

Na hierdie staking is die gesag van die staat, veral na 1948, benut om toenemend arbeidsvoorsiening te reguleer en streng beheer oor arbeid te bly uitoefen. Dit was veral die ouer mynhuise met meer laegraadse érts-myne wát die konserwatiefste was met betrekking tot beheer oor arbeid en lone (p. 76) Die posisie van Swart arbeid is dan verder verswak deur die verskansing van Blanke mynwerkers se posisie deur die Nasionale Partyregering (Hoofstuk vier) Die skrywers wys op die resente radikale interpretasie van die Kleurslagboomwet, as 'n maatreël wat deur die mynbestuur ondersteun is. Hulle interpreteer die mynbase se posisie anders: die mynbase het geleer om

daarmee saam te leef, let wel die grootste deel van die koste daarvan op Swart arbeid afgelaai is, maar 'n verskeidenheid pogings is aangewend om dit te wysig. (p. 80) Hierdie pogings word bespreek (pp. 81-97) en die gevolg was die opheffing in 1987 van die Kleurslagboomwet. Dit was eerder die magtige weerstand van die wettige Blanke Mynwerkers Unie wat dit wel in stand gehou het, as wat dit die mynbestuur se wens was.

Die waardevolste bydrae van die boek volg dan vanaf hoofstuk vyf wanneer die ondertone van politieke verandering in Suid-Afrika in verband gebring word met die groeiende bedingingsmag van Swart arbeid in die goudmyne. Teen die vroeë 1970's het arbeidsvoorsiening aan die myne weer gestabiliseer (met ongeveer 40 persent uit buurlande), waar die vraag na arbeid in die dinamies ontwikkelende industriële sektor, die hand van Swart arbeid in die myne gesterk. Die skrywers bespreek die wettiging van die National Union of Mine workers in 1979 en daarna die eskalاسie van massa-aksies van mynwerkers teen afdankings en ontoereikende loonsverhogings. Dit was op 'n tydstip toe die goudprys verswak het en myne ernstige kostedruk ervaar het. Die 1987-NUM-staking was 'n keerpunt: hoewel die stakers nie loonsverhogings verkry het nie, 50 000 werkers afgedank is en die werkers sonder toegewings terug is werk toe, beskou die skrywers dit as 'n oorwinning vir beide die NUM en die mynkorporasies. Na 1987 was die strategie van die Kamer van Mynwese en die NUM eerder een van samewerking. Trekarbeid is afgeskaf, hostelle/kampongs is oper bestuur en arbeid het met realistiese looneise geslaag. Die skrywers praat dan in die tagtig- en negentigerjare van die "computerized migrancy" – werkers het steeds vir periodes van ongeveer elf maande in die myne gewerk maar het dan 'n vaste aantal weke vakansie gehad voordat hulle teruggekeer het. Meer en meer arbeid het buite kampongs hul gaan vestig. Werkers het toenemend "beroepsmyners" geword wat hul vlak van geskooldheid verbeter het. Wat dié vorm van migrasie nou anders maak, is die feit dat onpersoonlike regulering en administrasie d.m.v. rekenaars dwang en openlike konfrontasie vervang het. "The major difference is that computerized migrancy is administered by the private sector, not the state..." (p.29)

Die skrywers sluit af met 'n woord van wysheid aan die NUM: dit sal afhang van die NUM se vermoë om die tans meer stabiele mynwerkerskorps en die steeds pendelende werkerskorps saam te snoer en te mobiliseer, wat van swart arbeid in Suid-Afrika gaan word.

Die boek is met uiters waardevolle statistiese data voorsien, maklik leesbaar geskryf en helder en logies in sy gevolgtrekkings. Dit bied 'n gebalanseerde beskouing van swart mynarbeid van vroeg af tot in die vroeë 1990's.

Grietjie Verhoef  
Randse Afrikaanse Universiteit